## BOEKBESPREKINGS

Medlicott, W. N.: *British Foreign Policy Since Versailles, 1919 — 1963*. Pp. 362, R2.20. Methuen, 1968.

„We have got all that we want — perhaps more. Our sole object is to keep what we have and live in peace." Hierdie twee betekenisvolle sinne in 'n vertroulike verslag van die Britse Kantoor vir Buitelandse sake weerspieël Britse buitelandse beleid aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog wat Brittanje met 'n nuutgevonde selfvertroue en gevoel van veiligheid gelaat het. Bykans 'n halwe eeu later sou Dean Acheson in meer as een opsig Britse buitelandse beleid tipeer met sy bekende uitspraak: „Britain has lost an empire and not yet found a role."

Bogenoemde werk behandel taamlik breedvoerig die volle vier en veertig jaar wat tussen hierdie twee uitsprake verloop het, en bestryk diensooreenkomstig die verskillende fases in Brittanje se internasionale verhoudinge tot en met die „Great Retreat" wat in onlangse jare sy klimaks bereik het. Allereers word die vredeskikkinge in oënskou geneem. Daarna volg 'n relaas van Brittanje se pogings om voordeel uit die vrede te trek, gevolg deur vier hoofstukke waarin 'n verklaring gesoek word vir die vreemde onaktiwiteit van Britse diplomasie in die dertigerjare. Aandag word gewy aan die faktore wat tot die Tweede Wêreldoorlog aanleiding gegee het. Hierby kom ook verwikkelinge in die Verre Ooste tussen 1933 en 1940 ter sprake. Ná 'n bespreking van Britse beleid tydens die Tweede Wêreldoorlog word die sosialistiese waagstuk in buitelandse sake deur Attlee en Bevin (1947—50) in oënskou geneem voordat Eden en Macmillan se redmiddels betrag word.

Heelwat nuwe lig word gewerp op die kwynende belangrikheid van Brittanje se wêreldmag sedert 1945 en die gevolglike aanpassings wat dit in sy internasionale politiek genoodsaak het. Die werk eindig met 'n hoofstuk „Winds of Change" n.a.v. Macmillan se veelbesproke Kaapstadse toespraak in 1960. Insiggewend is dit dat die skrywer na hierdie woorde as 'n „memorable example of political phrasemaking" eerder as die aankondiging van 'n nuwe beleidsrigting, vir die Statebond verwys.

Die werk, wat sy eerste uitgawe in 1940 beleef het en vir die doeleindes van hierdie edisie verbeter en aangevul is, ontleen sy feite aan 'n indrukwekkende bronnelys waarvan heelwat ná 1945 toeganklik geword het. Dis vlot en boeiend geskryf en in baie opsigte 'n waardevolle aanvulling tot die bestaande literatuur oor internasionale verhoudinge. Hoewel almal nie sal saamstem met die skrywer se gevolgtrekking dat dit nie soseer 'n geval is dat Brittanje in die sestigerjare opgehou het om 'n wêreldmag te wees nie as dat „world politics" nie meer bestaan nie, kan studente in die kontemporêre geskiedenis die werk met vrug gebruik. Die outeur is 'n voormalige geskiedenis-professor aan die Londense universiteit en verskeie gesaghebbende studies oor diplomatieke en ekonomiese vraagstukke het reeds uit sy pen verskyn.

A. P. J. van Rensburg.

Gordon Brown, A. (intr.): *The Cape Sketchbooks of Sir Charles D'Oyly, depicting Cape Town, the countryside and neighbouring villages*. Pp. XII, 240. Kaapstad, A. A. Balkema, 1968.

Charles D'Oyly is in 1781 in Indië gebore. Nadat hy in Engeland sy opvoeding ontvang het, word hy op vyftien-jarige leeftyd aangestel by die Brits-Oos-Indiese Kompanjie, in wie se diens hy vir veertig jaar gebly het. In 1821 word hy opiumagent in

Behar, tien jaar later kommissaris-resident in Patna en lid van die marine-raad. In 1833 is hy senior lid van die doeane-, sout- en opiumraad.

Hy het van jongs af belangstelling gehad vir tekenwerk. In 1824 rig hy 'n privaatdrukkerytjie op, die *Academy Press* in Patna (Bengale), later die *Behar Amateur Lithographic Press,* waar prente gemaak is van sy eie tekeninge en party van die van sy vrou Elizabeth Ross. Hy skryf 'n aantal boeke wat hy self illustreer, soos *Tom Raw, the Griffin, Sketches on the new Road* en *Antiquities of Dacca.* Weens gesondheidsredes moes hy Indië tydelik verlaat.

D'Oyly kom in April 1932 in die Kaap aan. Hy bly hier vir veertien maande en gedurende die somer onderneem hy 'n reis van vyf weke deur die binneland van die Westelike Kaap: Tulbagh, Worcester, Genadendal en Caledon. Die sketse wat hy gedurende sy verblyf aan die Kaap gemaak het, is in twee boeke saamgebind en wat nou in die Kaapse Argief bewaar word. Van hierdie sketse is 118 in hierdie boek gereproduseer — een skets het verdwyn. Elke skets is van 'n onderskrif voorsien wat op die agterkant van die voorafgaande in die kunstenaar se handskrif geskryf is. Die sketse is uitgevoer in pen en ink, partymaal gewas, en 'n klein aantal in potlood. Die meeste is swart-wit, 'n klein aantal is blou-swart of sepia en is in daardie kleure in die boek afgedruk. Behalwe die sketse het D'Olyly tekeninge gemaak, waarvan die meeste in die Parlementêre Biblioteek, die Fehrversameling in Kaapstad en in die Africana-museum in Johannesburg gevind word. Ons kry die indruk dat D'Oyly hard gewerk het in die tydjie wat hy aan die Kaap vertoef het. Dit is bekend dat hy soms vier tot ses tekeninge per dag gemaak het. Uit sy werk blyk dit ook dat hy nie net vinnig kon werk nie, maar dat hy 'n baie skerp oog gehad het vir wat om hom heen aangaan.

Histories het die etse natuurlik groot waarde. Hulle beeld nie net Kaapstad self uit nie, maar ook die onmiddellike omgewing, soos Wynberg, Nuweland en Groenpunt, en die dorpe Stellenbosch, Jonkershoek, Paarl, Franschhoek, Tulbagh, Worcester, Lowry's Pas. En dit alles binne 'n tydperk van 'n bietjie langer as een jaar!

Tegnies kan daar vanselfsprekend aanmerkings gemaak word. Hy was, soos baie ander besoekers aan die Kaap, 'n amateur. Perspektief is nie onberisplik nie en hy is geneig om die berge baie hoog te maak. Diere is soms uit proporsie. Hy slaag egter daarin om die tipiese sfeer van die Kaapse dorpe en landskap mooi uit te beeld. Die wêreld om Kaapstad heen is natuurlik nog baie landelik en daar is 'n sterk indruk van rus en 'n lewe sonder haastigheid. Party plekke, soos Kloofweg, is nou nouliks herkenbaar. 'n Deel van die bos wat D'Oyly aangee, is moontlik nog daar. Dis besonder aantreklik om die sketse van die ou bergpaaie net buitekant die Kaapse dorp te bekyk.

Ook op die daaglikse lewe kry ons 'n duidelike kyk. Die ou stadsbeeld, huise, gebruiksvoorwerpe, modes, die Maleierwonings, en die groot herehuise in die Kaapse omgewing, is getrou weergegee. Een prent vertoon 'n tafereel van hoe hulle besig is om 'n walvis binne te sleep: met 'n vlagstok in die lyf geprik! Party ou bedrywe, soos 'n meul en 'n stokery, tref ons aan. Selfs is daar 'n binnekamer: musiekkamer in Hopeville (no. 91). Mens kan baie agterkom uit hierdie vertek en sy aankleding.

Volgens die redakteur moet D'Oyly, na sy tekeninge geoordeel, 'n aangename mens gewees het. Ons stem hiermee saam. En nie net dit nie. Dit is ook duidelik dat hy hom tuisgevoel het aan die Kaap en dat hy die land en die dorpe met plesier en belangstelling uitgebeeld het. Drie jaar nadat hy die Kaap verlaat het, het hy nog geld gestuur uit Indië vir die slagoffers van die 1835-Kafferoorlog. Hy het sy verblyf hier nie vergeet nie.

D'Oyly het in 1838 vir goed uit Indië vertrek. Hy gaan woon dan in Italië, waar hy in 1845 naby Genua oorlede is.

Hierdie boek is die eerste deel van 'n nuwe reeks oor historiese kuns en kunste-

naars in Suid-Afrika. Ons is dankbaar dat die uitgewer so 'n doel in die vooruitsig stel. Vir ons kunskennis sal dit 'n baie noodsaaklike aanvulling wees van 'n ernstige leemte. Laat ons hoop dat die volgende boeke net so groots en netjies uitgevoer sal word as wat met hierdie boek die geval is. Dit is 'n sieraad vir enige boekrak.

F. G. E. Nilant.

Macmillan, W. M.: *The Cape Colour Question* (faks. herdruk 1929 uitgawe), pp. XVI, 304. Kaapstad, A. A. Balkema, 1968. R6.

Hierdie bekende boek het vir die eerste keer verskyn in 1929 toe Suid-Afrika in 'n aantal probleme in verband met sy blanke bevolking verwikkel was. Daar was maar min onderlinge begrip en waardering tussen Boer en Brit en die armblanke probleem het 'n ontstellende omvang begin aanneem. Prof. Macmillan was een van die eerste geskiedskrywers wat op die wyer vraagstukke van die land gewys het. Hy het dit o.a. gedoen met hierdie studie van die Hottentot- en slawebevolking aan die Kaap 1½ eeu gelede. In die tyd het die Kaapse landbouers met 'n voortdurende arbeidsprobleem te kampe gehad terwyl daar stadigaan 'n tekort aan land ontstaan het. Die Oos-Indiese Kompanjie het hom niks van sulke probleme aangetrek nie. Eers na die koms van die Britte het die moeilikhede meer op die voorgrond gekom. Die L.M.S. het bowendien die Hottentot probleem, wat tot daardie tyd nog nie ter sprake gekom het nie, verhaas (bl. 88). Die L.M.S. en sy sendingstasies in Suid-Afrika word uitvoerig beskryf. Bowendien is die boek 'n pleidooi in die guns van dr. John Philip, wat deur die nageslag verguis word, maar wie se insigte partymaal glad nie so belaglik was as wat destyds gemeen is nie.

Inderdaad word die vinger gelê op harde feite. Die stad is onvermydelik 'n trekpleister vir die naturel (bl. 13), maar toesig op die naturelle is niks minder as 'n uitdaging van geduld nie (bl. 69). Die westerse opvatting van privaat besit vind geen aanvoeling by die Bantoe nie (bl. 33) en dit is vir die Bantoes onmoontlik om die fyner punte van die moderne handelsorganisasie te verstaan. Nogtans tref ons by die blanke 'n gevoel van verantwoordelikheid ten opsigte van die Bantoe aan (bl. 24). Die Xhosaoorloë in die vorige eeu is in werklikheid 'n stryd om besit van die land wat telkens die stadige groei na selfregering onderbreek (bl. 67). Dit alles maak die blanke 'n teenstander van politieke regte vir die gekleurdes, wie se werkkrag nogtans onontbeerlik is (bl. 67). Ook het volgens prof. Macmillan die gedurige trek die binneland in dit vir die toestande in die Kaap onmoontlik gemaak om te konsolideer (bl. 16).

Dr. Philip was blykbaar 'n tipiese voorvegter vir die verongelykte ondergeskikte. Aanvanklik neem hy dit vir die Setlaars teen die goewerneur op (bl. 20—21). Maar sy werklike belangstelling betref tog die kleurlinge en die Bantoes (bl. 120). Op die agtergrond bly die allesoorhersende konflik ussen beskerming van die Hottentotte, en onmisbare plaasarbeid.

Dis besonder interessant om die hele betoog vandag weer te lees noudat omstandighede en menings soveel verskil van 'n halwe eeu gelede. Die waarde van die boek het as gevolg van die verandering allermins gedaal. Tog is daar besware. Ons verneem heelwat oor die afskaffing van slawerny, maar op die metode van skadeloosstelling word nie ingegaan nie. Dat werklike haat tussen Boer en Brit eers vanaf die Jameson-Inval dateer, is m.i. aanvegbaar. Net soos vandag nog gereeld voorkom, gebruik ook prof. Macmillan die woord „unfortunate" as 'n gerieflike onderskatting van die gevolge van kortsigtigheid en onbekwaamheid van die Britse koloniale beleid in die 19de eeu in Suid-Afika. Bowendien is daar 'n belangrike verskynsel wat oor die hoof gesien word. Daar is 'n menslike neiging om bomatig besorgd te word oor

veraf vriende, terwyl onaantreklike omstandighede in die onmiddellike omgewing oor die hoof gesien word. Dr. Philip en die L.M.S. was baie ontstel oor die omstandighede waarin die gekleurdes in veraf Suid-Afrika gelewe het, maar vir die afskuwelike sosiale omstandighede in die 19de eeuse Engeland het hulle geen oog gehad nie. Hulle het hul heil gesoek in die toepassing van opvattings wat moontlik 'n digbevolkte land suksesvol kon gewees het. In Suid-Afrika, met sy uiters dun bevolking, was die kans op gunstige resultate op sy minste heeltemal onberekenbaar. Dr. Philip vergelyk telkens die geestesgesteldheid en omstandighede van die Hottentotte met die van die bevolking van Wes-Europa aan die begin van die Middeleeue. Moet ons daaruit soms aflei dat dit agt eue gaan duur alvorens die nie-blanke bevolking aan die moderne tydsomstandighede kan aanpas?

Nogtans het dr. Philip heelwat bereik om die lot van die Hotentotte en slawe te verbeter. Wat sy ideale betref lees ons herhaaldelik oor die noodsaak van afsonderlike gebiede (bl. 285) en spesiale onderwys (bl. 258) vir die gekleurdes. Die heil van die Kolonie hang af van algehele samewerking. Dit alles klink ons vandag as welbekend in ons ore. Nogtans bly daar 'n onbehaaglike gevoel dat dr. Philip, ondanks sy teorieë, 150 jaar later geen uitgesproke ondersteuner van die beleid van eiesoortige ontwikkeling sou wees nie. Dr. Philip se entoesiasme vir Bethelsdorp in die begin van die 19de eeu word in elk geval nie gedeel deur generaal Janssens nie (kyk: Paravicini di Capelli: Reize in de Binnen-Landen van Zuid-Africa, V.R.V. 1965, bl. 96n, 99-100).

Dit alles maak die boek nie minder belangrik nie. Die L.M.S. wat in ons geskiedenis soms die indruk maak van 'n onsigbare oppermag, word in 'n duideliker perspektief geplaas. Prof. Macmillan het ook daarin geslaag om aan te toon dat dr. Philip, hoewel Cory hom 'n bemoenial noem, 'n hoë graad van intelligensie gehad het. Die boek is die werk van 'n vooraanstaande historikus, wat bowendien 'n grondige studie gemaak het van die versameling van dr. Philip se briewe en dokumente wat tydens die brand in die biblioteek van die Universiteit van Witwatersrand vir altyd verlore gegaan het.

F. G. E. Nilant

Thompson, G.: *Travels and adventures in South Africa,* Edited, with notes, by Vernon S. Forbes; Van Riebeeck Society, Cape Town, Nos. 48 and 49, 1967 and 1968.

In April 1823, George Thompson, a Cape Town merchant, undertook "an excursion to the eastern frontier of the Colony and to the country of the Bechuanas", and in July 1824, another "to the country of the Bushmen, Korannas and Namaquas". His *Travels and Adventures in South Africa,* published in 1827, is the record of those journeys. The objects with which they were undertaken were partly commercial and partly exploratory: on the one hand, to ascertain whether mercantile enterprise would be practicable and profitable in the remote parts visited, and, on the other, the contribute to both the advancement of geographical science and a better knowledge of the native tribes in South Africa.

Theal regarded Thompson's book as "one of the best that has ever been written upon Southern Africa", and according to the present editor "it stands high in the distinguished series of accounts of the Cape Colony and of its far frontiers". It indeed contains much that is interesting: possibly the first description in print of the Cango Caves since their discovery forty years previously; another of the Aughrabies Falls, which Thompson, possibly the first white man to see them, named "King George's Cataract"; an eye-witness account of the battle between the Griqua commando and the Mantatees in 1823, and chapters on the native tribes as well as the Dutch and

English inhabitants of the Cape, the general state of the Colony, and its suitability for further colonisation.

Thompson tried to present a more balanced picture of the Cape Dutch than the "powerful, but somewhat overcharged" one drawn by John Barrow, that drawn by Dr. Lichtenstein who, probably "led by political opposition, and other causes", tried to contradict Barrow's account, "on many occasions, without just cause", and that drawn by W. Wilberforce Bird, "from the elevated point of view which the author is supposed to hold in Cape society". Such attempts at fair-mindedness and objectivity are one of the merits of the work.

The Van Riebeeck Society has reproduced the complete text (which includes verses by Thomas Pringle) together with the original plates and other illustrations, and these are supplemented by Prof. Forbes's biographical sketch and notes, which are scholarly, meticulous, and most informative throughout. The printing is also commendable although one or two minor oversights should be noted: in the second volume the second digit of note 14 on page 142 is missing; footnote 24 on page 235 should be 26; and the reference of footnote 6 on page 253 has not been indicated.

N. Sabbagha.

Gordon, R. F.: *Shepstone, the Role of the Family in the History of South Africa, 1820—1900.* R7.50. Pp. XII, 421. Kaapstad, A. A. Balkema, 1968.

Mens is geneig om by die hoor van die naam Shepstone onmiddellik te dink aan Somtseu. In werklikheid dui die naam 'n hele geslag aan wat in die 19de eeu, maar ook daarna, vir Suid-Afrika belangrik was. John William Shepstone en sy vrou Elizabeth het in 1820 as Britse Setlaars na Suid-Afrika gekom. Hy raak eers in die boubedryf betrokke, daarna doen hy sendingwerk in die Oostelike Provinsie. Die vrou se moed het nie vir die van haar man onder gedoen nie en saam het hulle die moeilikhede deurgemaak wat as gevolg van 'n onvaste grensbeleid onvermydelik ontstaan het.

Hulle seun Theophilus begin sy loopbaan as tolk en maak verskillende besoeke van goewerneurs aan die grensgebiede mee. Daarna word hy agent aan die grens en doen hy ervaring op wat hom steeds meer verantwoording sal besorg in diens van die regering en die wetgewing van die land. Ons kry 'n uitvoerige insig in sy latere lokasiesisteem en hutbelasting in Natal. Vandag is dit maklik om op hierdie beleid kritiek uit te oefen, maar destyds was dit die eerste daadwerklike poging om die Zoeloesake behoorlik te reël in 'n tyd toe die hoofbeleid daaruit bestaan het om sake soveel as moontlik hul eie loop te laat gaan. Hy was ook die eerste wat die belangrikheid van toepassing van Bantoereg voorgestaan het in plaas van die Romeins-Hollandse reg wat vir die naturelle onverstaanbaar was.

Moeilikhede met die Zoeloekonings kon egter nie uitbly nie. Dis opvallend dat Natal vir Shepstone uit twee heeltemal afsonderlike afdelings bestaan het: Europeane en Bantoes. Die Bantoes behoort in hul eie rigting te ontwikkel en nie van ekonomiese druk van die blankes afhanklik te wees nie. Was hy sy eie tyd 'n eeu vooruit? Dis veral hierdie opvattings waardeur hy skerp teenoor biskop Colenso te staan gekom het. Shepstone wou die Bantoes soveel as moontlik in hul eie rigting laat ontwikkel, hoewel hy 'n sterk teenstander van veelwywery en towery was; die biskop wou 'n volledige saamsmelting tussen die verskillende groepe bewerkstellig.

Die anneksasie van Transvaal het uiteindelik fataal vir Shepstone geword. Hierby het hy twee foute gemaak wat tot 'n groot mate met mekaar verband hou. Hy het alles gedoen om die gevoelens van die Transvalers te pols, maar hy het versuim om met die plattelandse bevolking in aanraking te kom. Tweedens het hy drie maande gewag

en geduld uitgeoefen, tog was dit nie lank genoeg nie. As hy langer sou gewag het sou hy moontlik ook die plattelandse mening gehoor het. Hy het gevolglik nie besef nie dat die bevolking voor alles van president Burgers ontslae wou raak, maar niks verder nie. Maar sou dit uiteindelik nog verskil gemaak het? Shepstone was diep daarvan oortuig dat sy anneksasie in almal se belang was. 'n Beter begrip van die plattelandse bewoners kon egter moontlik 'n beter bestuur na die anneksasie teweeg gebring het. Die eerste Britse bestuur van Transvaal was strak en outokraties, 'n beleid wat geensins by die bevolking gepas het nie. Dat Shepstone sy bes gedoen het om die beste daarvan te maak is aanneemlik, maar sy beste was nie wat die Boere daaronder verstaan het nie. Hy was egter lojaal, eerstens teenoor Natal, dan Suid-Afrika en eers in die laaste plek die Britse Wêreldryk. Die wantrouige navrae in verband met uitgawes en rekeninge van die anneksasieperiode, wat tydens sy laaste lewensjare gedurig aan hom gerig is, en die stryd wat hy moes voer om 'n redelike pensioen te kry vir jarelange troue diens, is net 'n bewys van lokale kleinlikheid.

Dat die grootste deel van die tweede helfte van die boek oor Theophilus handel, kon verwag word. In 'n paar aanvullende hoofstukke word egter toeligting gegee oor ander lede van die familie. Daar is baie navorsing vir hierdie boek gedoen, soos uit die groot aantal voetnote blyk. As sodanig is dit 'n welkome toevoeging tot die betreklik klein aantal publikasies oor die vroeë Natalse geskiedenis. Daar is ook heelwat oor die sosiale lewe: sport in Natal, die besoek van prins Alfred wat nie sonder ironie vertel word nie, die kerkstryd en biskop Colenso.

As persoon was Shepstone dapper, grootmoedig, vol selfbeheersing en teruggetrokke, maar ook slim en ambisieus. Die regering het hom egter nie altyd die beloofde ondersteuning verskaf nie. In vergelyking met Rhodes merk die skryfster op dat albei na 'n verenigde Suid-Afrika gestrewe het. Maar Rhodes „was capable but not honest, Shepstone was more honest if not so capable" (bl. 266).

Die gebruikte drukproses laat hier en daar 'n letter rondspring, maar origens is die boek uitgegee. Dit vorm die eerste deel van 'n nuut beplande reeks van historiese publikasies.

F. G. E. Nilant

Newton Thompson, Joyce: *The Story of a House*, R4.50. Pp. IX, 161, 48 ill., Kaapstad, Howard B. Timmins, 1968.

Die mens bou sy huis en die huis druk dikwels weer 'n stempel op die mens wat dit bewoon. Hierdei boek omvat die geskiedenis van die huis Nuweland, sy eienaars en die besoekers. Dis 'n geskiedenis van 280 jaar, vanaf die dag dat W. A. v.d. Stel uitbreiding begin soek het vir die V.O.C. se tuine en van Ryk Tulbagh, wat die plek naderhand as woonoord gebruik het. Daarna kom Hendrik Vos, drie vriende: Barrow, Buckley en Maxwell; daarna Venables en Grellier. Vanaf die Britse anneksasie word Nuweland gebruik as somerverblyf van die goewerneur. Deur al die jare bly die huis natuurlik nie onveranderd nie. Cradock het reeds planne vir herbouing gehad en hy koop 'n aantal landerye wat vroeër deel uitgemaak het van die landgoed, van hul eienaars terug. Thibault ontwerp planne vir herbouing wat egter nie verder as die papier kom nie. Aansienlike veranderinge vind plaas onder die beheer van Lord Charles Somerset, 'n werk waarby die omstrede figuur „Oliver the Spy" blykbaar 'n belangrike aandeel gehad het.

Tientalle besoekers aan die Kaap het met die huis kennis gemaak. Daar is ds. C. I. Latrobe, die sendeling, en Stockenström; graaf Las Cases en sy seun, groot bewonderaars en volgelnge van Napoleon, mev. Rose de Santes de Freycinet, die tweede

vrou wat om die wêreld gereis het, en die wêreldreisiger kapt. Otto von Kotzebue. Ook dr. Jamas Berry het die huis besoek. Naderhand word Nuweland weer verkoop, die slag aan J. W. Louw en J. J. Cruywagen. John Herschel moet ook tot die kuiergaste gereken word. In 1859 kom die landgoed in besit van Jonas Hiddingh, wat baie liefde vir die huis voel en wat dit as blywende familiebesit voortbestem. Sy plan misluk deur gebrek aan belangstelling van sy stiefseun wat die plek helaas baie verwaarloos. Vanaf 1891 word dit weer gehuur as somerverblyf vir die Britse goewerneurs: Sir Henry Loch, sir Hercules Robinson. In daardie jare is dit een van die mooiste plekke in die Kaap.

In 1920 is dit die skilder Gwelo Goodman wat hom oor die plek ontferm. Nadat in 1938 die verkoopverbod opgehef is, kom dit in besit van regter Newton Thompson, wat dit verbou en heeltemal opknap.

Mevrou Thompson verwys na 'n groot aantal geskiedkundige feite en gebeurtenisse wat direk of indirek op Nuweland betrekking het. Baie van hierdie feite is bekend maar hulle help om 'n sfeer te bereik waarteen die ou huis skerp en duidelik uitstaan.

Die waarde van die boek lê egter nie in die eerste plek in die historiese feite wat aangehaal word nie. Die skryfster probeer ook om sekere wanopvattings reg te stel. In teenstelling tot 'n algemene beskuldiging van geldmors wat aan die persoon van Lord Charles Somerset kleef, word nou aangetoon dat die verbouings aan Nuweland in daardie tyd allermins oorbodig of oormatig was. Die hantering van die koste is bowendien gedoen deur Lt. Kol. Bird, origens 'n uitstekende amptenaar wat sy bes gedoen het om die goewerneur op alle moontlike maniere te dwarsboom. Twee briewe was as bylae in die boek opgeneem is, verskaf ruimskoots die bewys daarvoor. Persoonlike oorwegings speel dikwels 'n groot rol. Die dood van die goewerneur se eerste vrou Elizabeth, is intens tragies. 'n Latere kritiek op lede van die Somerset-gesin is toe te skryf aan 'n sekere mevrou Eaton. Die dieper grond vir haar mening moet egter gesoek word in die feit dat sy geen toegang tot die hoogste kringe aan die Kaap kon kry nie. So word daar 'n hele aantal ander afbrekende menings aan sosiale naywer toegeskryf. Daarenteen word van sir Alfred Milner wel 'n beeld geskilder wat hemelsbreed verskil van die mening wat John X. Merryman oor hom gehuldig het. (kyk: P. Lewsen: Selections from the Correspondence of John X. Merryman, 1899—1905, V.R.V., 1966.) In die laaste hoofstuk word die verhaal begryplikerwys persoonliker en intiemer, sonder dat daar egter iets opgeoffer word aan skrywersdissipline en diskreetheid.

Die belangrikheid van die boek lê tot 'n groot mate in die ander lig wat op gebeurtenisse gewerp word en wat verskil van wat ons gewoond is. Mens hoef nie altyd saam te stem nie, maar niemand kan die verfrissende benadering van die skryfster, wat bowendien 'n sterk ontwikkelde gevoel vir humor het, ontken nie.

Die illustrasies bestaan uit landkaarte, afbeeldings van Nuweland en omgewing deur die jare, en portrette van bewoners. Daar is 'n uitvoerige boekverwysing en 'n indeks. Dit is 'n waardevolle bydrae tot die geskiedenis van een van ons vooraanstaande Kaapse herehuise en ons sosiale geskiedenis in die algemeen.

F. G. E. Nilan

Glass, L. D. S.: *The Matabele War*. Pp. 308, R4.75. Longmans, 1968.

Hierdie werk wat hoofsaaklik gebaseer is op uitgebreide navorsing in die Rhodesiese argief, bied 'n breedvoerige blik op die wedywering tussen die British South African Company en die Matabelemag teen die einde van die vorige eeu. Die gevolg van

hierdie wedywering was die Matabele-oorlog van 1893 wat die uitbreiding van die B.S.A.-maatskappy se gesag oor Matabeleland meegebring het.

In 1890 het die „Pioneer Column" 'n nedersetting in Masjonaland gestig. Hiertoe het Lobengoela, die Matabele-koning, toestemming verleen. Dr. L. S. Jameson, administrateur van die nedersetting, wou 'n behoorlike grens tussen Masjona- en Matabeleland afbaken ten einde Matabele-strooptogte stop te sit. Teen die einde van 1892 was dit duidelik dat gebiedskeiding misluk het en dat Lobengoela nie langer die vervreemding van Masjonaland aanvaar het nie. Jameson was bewus daarvan dat die Matabele 'n bedreiging vir die stabiliteit van die jong nedersetting sou bly en het op oorlog besluit ten einde die Matabele-krygsmasjien te vernietig en Matabeleland binne die invloedsfeer van die B.S.A.-maatskappy te bring.

Die skrywer se slotsom is dat die oorlog in wese die onvermydelike gevolg van die onversoenbaarheid van twee meedingende stelsels was: Lobengoela se primitiewe staat met stropery as 'n ekonomiese en maatskaplike noodwendigheid aan die een kant, en die blanke nedersetters wat vreedsaam die besette grond wou ontgin aan die anderkant. Indien Lobengoela die grensbeleid sou aanvaar wat Jameson aan hom opgedring het, sou die Matabele-staat verdwyn.

Van groot belang in hierdie werk is die poging van die skrywer om die aandeel van Jameson, sir Henry Loch en Lobengoela in die oorlog te verklaar. Daar word aangetoon hoe sir Henry Loch uit die staanspoor begerig was om die gesag van die imperiale owerheid oor die B.S.A.-maatskappy uit te brei. Toe oorlog met die Matabele onvermydelik word, het hy imperiale troepe uit Macloutsie na die onrusgebied gestuur, maar by hulle aankoms was Bulawayo reeds in Jameson se hande. Loch moes gevolglik sy aansprake, wat buitendien nie die steun van die Britse regering geniet het nie, prysgee.

Die werk is gebaseer op twee akademiese proefskrifte, t.w. *The Background of the Matabele War* (1959) en *Sir Henry Loch and the Matabele War* (1964). Dis stilisties goed versorg, boeiend geskryf en bied helwat nuwe en intieme kykies op die Suid-Afrikaanse toneel tussen 1890 en 1895. Dr. Glass gee toe dat die aard van sy bronne nie die Matabele-standpunt voldoende belig nie en dat Lobengoela se dilemma — enersyds sy verhouding tot sy indoenas en andersyds sy jong krygers se onversetlike teenkanting teen blanke besetting — nog volledig deur toekomstige navorsing verklaar sal moet word. Daar word ook nie grondig ingegaan op die uitwerking van die oorlog ten opsigte van die verhouding tussen Transvaal en die imperiale gesag nie. Desnieteenstaande is dit 'n werk wat onvoorwaardelik aanbeveel kan word, vir universiteits- sowel as skoolbiblioteke. Hoewel dit hoofsaaklik op die situasie noord van die Limpopo gerig is, kom die hele politieke opset in Suid-Afrika in die vroeë negentigerjare en die toutrekkery tussen die B.S.A.-maatskappy en die Britse Hoë Kommissaris ook ter sprake. Besonder betekenisvol is die vertragingstaktiek van Cecil Rhodes ten gevolge waarvan Jameson sy posisie in Bulawayo kon konsolideer. Hoe gestremd die verhouding tussen Rhodes en Loch hierna was, blyk uit laasgenoemde se weiering om na Rhodes se terugkeer uit die noorde 'n dinee ter ere van hom by te woon. En, in skerpe teenstelling met latere gebeure, beklemtoon Rhodes sy vasbeslotendheid om „langs konstitusionele weë" die vraagstuk op te los. Dit nadat Jameson se strooptog — sy eerste — reeds geslaag het.

Vir die student van Rhodes, Jameson, Lobengoela en die imperiale faktor se rol in ons geskiedenis is daar ander soortgelyke openbaringe wat sal bydra om bestaande leemtes ten opsigte van die politieke situasie in Suider-Afrika teen die einde van die vorige eeu op te klaar.

A. P. J. van Rensburg.

Wilman, Maria: *The Rock Engravings of Griqualand West & British Bechuanaland.* R12.50. Pp. XII, 78, 70 afb. (herdruk), Kaapstad, A. A. Balkema, 1968.

Dr. Maria Wilman is in Beaufort-Wes gebore. Nadat sy in Cambridge in skeikunde, geologie, mineralogie en plantkunde studeer het, het sy in 1908 direkteur geword van die McGregormuseum in Kimberley. Die museum was toe juis gestig en gevolglik nog baie beperk. Maar in die volgende 38 jaar het dit onder leiding van dr. Wilman tot 'n indrukwekkende versameling uitgegroei. Dr. Wilman het aanvanklik baie van haar aandag bestee aan die herbarium en die volkekundige versameling. Haar belangrikste werk betref egter die klipgraverings in Griekwaland en Betsjoeanaland. Haar kennis, wat sy in 24 jaar navorsing opgedoen het, is in hierdie boek vasgelê. Die boek het in 1933 verskyn en was vir baie jare volkome onverkrygbaar. Nou, na 35 jaar, het daar 'n herdruk verskyn van hierdie pioniers- en standaardwerk.

Dr. Wilman gee eers 'n historiese oorsig van die getuienisse van reisigers in die binneland in verband met vindplekke van die graverings. 'n Hele aantal hiervan word in briewe en dagboeke genoem. Maar die belangstelling vir hierdie kunswerke groei langsaam net soos die besef van die waarde daarvan. Die personeel van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad het hierby 'n belangrike rol gespeel. Dit is opvallend dat die graverings veral voorkom in dun bevolkte gebiede: die sentrale deel van Suid-Afrika en in Damaraland. In dieselfde streke word ook bewerkte klippe veelvuldig aangetref. Party hiervan is peervormig, rond of langwerpig met 'n silindervorm, ander is ringvormig en soms is daar selfs 'n portretkop. Die graverings self word in vier hoofafdelings geklassifiseer. Eerstens die wat mense, diere, plante, hemelverskynsels en geometriese figure uitbeeld. Deurgaans is die tegniek dieselfde en word donkerrooi of swart klip gebruik. Hierdie graverings is opgebou met ronde kolletjies wat uit die klip gekap is. Later graverings vertoon egter 'n duidelike buitelyn. Die tweede groep verskil weinig wat inhoud betref van die voorgaande, maar die tegniek kan soms afwyk. 'n Derde groep vertoon ook spore van mense en diere, soms selfs net die omtrek van 'n voet- of pootafdruk. Hierdie graverings kom dikwels voor naby watergate en het moontlik as aanduiding van eiendom gedien. Tenslotte is daar groepe figure wat uitgekrap is, waarby moontlik van 'n metaalwerktuig gebruik gemaak is.

Dis moeilik om die volgorde of tyd van ontstaan van die graverings vas te stel. Die wat deur middel van kolletjies opgebou is, is waarskynlik die oudstes, gevolg deur die omlynde figure. Die ander twee groepe is moontlik baie jonger. Op grond van die voorstelling van die graverings kan egter aangeneem word dat hulle reeds daar was nog voordat die Hottentotte in Suid-Afrika gekom het. Hulle sou dus op ongeveer 600 tot 1000 jaar oud geskat kan word. Ook oor die gereedskap waarmee hulle tot stand gekom het, bestaan daar twyfel. In veel gevalle is waarskynlik skerp klippe gebruik. Maar deurdat baie graverings in gebiede van diamante voorkom, is die gebruik van diamante nie uitgesluit nie.

Daar is 'n groot verskil tussen die kunstenaars van die Boesmanskilderinge en van die graveerders. Hoewel laasgenoemde se werk ouer is, toon dit opmerklik meer afwisseling in die tegnieke wat toegepas is. Die graverings toon minder menslike figure as die skilderinge, maar in vergelyking is hulle baie nugterder met meer sin vir die werklikheid en die natuur om die kunstenaar heen. Dit is opvallend dat daar, met uitsondering van die volstruis en die kraanvoël, so min voëls op die graverings voorkom. Die aantal graverings in 'n bepaalde gebied was blykbaar meer afhanklik van die tyd wat beskikbaar was om hulle te maak, as van die omvang van die bevolking in so 'n streek. Waarskynlik is hulle net in wintertyd gemaak, as daar nie rondgetrek word nie.

Daar is 'n hele aantal vrae wat onbeantwoord moet bly. Mens kan jou afvra of daar enige verband opgemerk kan word tussen die graverings in Suid-Afrika en die wat elders in die wêreld voorkom. Dit is onbekend of die geometriese figure 'n besondere betekenis het. 'n Moderne tegniese probleem is die bewaring en beskerming van die graverings. Dr. Wilman het in haar dae reeds gekla dat, afgesien van die normale verwering deur water en sandstorms, juis in die 20ste eeu soveel graverings beskadig of selfs heeltemal vernietig is. Ons behoort ons baie ernstig af te vra of daar vandag, na 35 jaar, reeds enige verbetering in hierdie jammerlike toestand gekom het. Hoeveel van die graverings wat in die boek gereproduseer is en wat nie in museums bewaar word nie, bestaan vandag eintlik nog?

Die boek het, ondanks die lang tyd geleë wat dit geskryf is, nog niks aan frisheid en krag verloor nie. Laat ons hoop dat hierdie nuwe uitgawe 'n bydrae sal lewer om belangstelling vir hierdie waardevolle en soms unieke pre-historiese besit in ons land verder uit te brei en om die beskerming daarvan te bevorder. Die boek het 16 afbeeldings in die teks en 70 bladsye dubbel foto's. Party hiervan gee 'n kykie op die omgewing waar graverings aangetref word, waardeur die algemene indruk van die leser baie duidelik word. Op sy gebied moet die boek as uniek beskou word.

F. G. E. Nilant.

Picard, H. W. J.: *Gentleman's Walk, the Romantic Story of Cape Town's Oldest Street, Lanes and Squares,* R9.60. Pp. VIII, 188, 62 ill. (10 in kleur), 6 kaarte, teks ill. Kaapstad, C. Struik, 1968.

Strate in 'n stad speel 'n belangrike rol in die lewe van die mens. Die oudste strate in Kaapstad was in wese die eerste verbindings met die binneland. Hulle sou kon saampraat oor alle gesigspunte van die ontdekking van daardie binneland en van die ontwikkeling van 'n nuwe land. Die bestuurders van die Oos-Indiese Kompanjie het moontlik foute gemaak, maar hulle was nooit onnosel nie. Die eerste wat hulle aan die voet van Tafelberg gedoen het was om hul vlag te plant en 'n fort te bou, sodat die wêreld geen vergissing kon maak oor wie baas aan die Kaap was nie, vervolgens is die tuine aangelê vir verversing en Heerengracht word eers baie later die naam van die pad wat onvermydelik uitgeloop het tussen die fort en die tuine.

Ondanks wind en storms het Tafelbaai tog 'n aangename klimaat en die grond was besonder goed vir saai en die plant van vrugtebome. Bowendien was daar oorgenoeg water. Moontlik as 'n gevolg van die 17de eeuse Hollandse karakterneiging om sake netjies agter mekaar te wil hê, is Kaapstad van die begin af goed en ordelik beplan. Daar was gragte en akkerbome, burgerverteenwoordiging op die Politieke Raad, en die begin van nywerhede, kroeë, meel- en melkbedryf, vervaardiging van kerse en teëls. Naderhand word selfs meer aandag geskenk aan higiëne, kom daar toesig op brûe en die skoonhou van strate. Daar kom 'n burgerwag, die „ratelaar", en daar is gereëld inspeksie van werf en vuurmaakplek. Dat die resultaat teleurstellend was doen aan die strewe om die plek agter mekaar te hou niks af nie.

Mnr. Picard verduidelik hoe die aanvanklike sosiale losheid in die samelewing stadig aan verander in sosiale verantwoordelikheid en wie almal in hierdie groeiproses 'n belangrike rol gespeel het. Dat so 'n ontwikkeling ook sy humoristiese kant het, is vanselfsprekend. Straatvuil is in groot hope bymekaar gevee op pleine en hoeke van strate; tydens stormweer waai dit weer deur die strate en dit was 'n gedurige onderwerp van sorg vir die bewindhebbers. Gelukkig kom tot in die eerste helfte van die 18de eeu hulp van hiëna's wat elke nag van die berg afkom, deur die strate swerf en alles eet wat van hul gading is. Vanaf 1762 kom daar egter beter reëlings. Die

samelewing raak meer gtem, riolerings word ter hand geneem, maar dit duur nog 'n eeu voordat die gragte en watervore oorbrug word.

Voor 1750 was daar geen amptelike straatname nie en eers in 1789 is 'n kommissie ingestel vir die vasstel van name vir strate en pleine. Volgens wet moes eienaars van hoekhuise hulle getroos dat 'n plankie met die straatnaam aan hul muur geheg word. Vir die skrywer is dit alles aanleiding tot 'n groot aantal verhale en annekdotes oor Kaapstad se oudste strate, familiegeskiedenisse, sosiale skandale en burgermoeilikhede. Hy slaag daarin om ons te laat inlewe in die toemalige omstandighede sonder om egter die fout te maak om gebeurtenisse uit die verlede volgens vandag se standaard te beoordeel. Maar ons word ruimskoots in die geleentheid gestel om die meer humoristiese kant van veel voorvalle ten volle te geniet. Daarenteen word menige ou oorlewering grondig ondersoek en partymaal as onjuis aangedui. Die veronderstelling dat Constantia na Simon van der Stel se vrou genoem is, is romanties maar sonder enige grond van waarheid. Mnr. Picard gaan veral diep in op die ontstaan van name van die Kaapse stege. Vir rietdakke wat moes oorhang was 'n afstand van minstens vier voet tusse nhuise nodig en hierdie ruimte het naderhand tot 'n deurgang geword. Vir kleiner burgers was hier 'n ongekende geleentheid om hul naam op die stadskaart te verewig. Maar hoe aantreklik klink name soos Koffiesteeg, Kromme Elleboog, Neumeistersteeg, en waarmee hou dit alles nie verband nie!

Daar word tereg weer 'n ernstige beroep gedoen op die leser en die publiek om tog alles in die werk te stel dat niks oorbodig vernietig word nie. Strate het betekenis en daar behoort niks aan hulle verander te word nie, behalwe moontlike verbetering van bestrating en vereiste verkeersreëling.

Dit is 'n mooi boek, wat vlot geskryf is en veel afbeeldings volgens tekeninge van D'Oyly in die teks het. Daar is 'n groot aantal foto's en kleurplate, en reproduksies van ou stadskaarte waarvan party ook in kleur is. Daar is 'n uitstekende indeks. Die boek is onmisbaar vir enigeen wat belangstel in die geskiedenis van Kaapstad en sy onmiddellike omgewing. Deurdat dit egter so rojaal uitgegee is, sal dit 'n sieraad wees in die versameling van elke boekevriend.

F. G. E. Nilant